Hindernisse in die gebedslewe

Alle sonde is hindernisse in jou gebedslewe. Kyk spesifiek in '*Gebed en sondebelydenis – Deel 1*' vir 'n lys van sondes. Onder genoemde lys het ten doel om bepaalde dinge wat die Skrif pertinent i.v.m. die verhindering van gebed noem, duideliker aan te toon.

1. Bewuste onbelyde sondes
"As daar sonde in my hart was, sou die Here nie geluister het nie " **(Ps.66:18).**
"Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en sy oor is nie te doof om te hoor nie. Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie " **(Jes.59:1-2).**

2. Afgodery - okkultiese betrokkenheid
"Hierdie manne heg waarde aan *afgode. Hulle is so in sonde verval dat hulle net ag gee op hulle afgode. Moet Ek my deur hulle* laat *raadpleeg?"* **(Eseg.14:3).**

3. Suinigheid en geldgierigheid
"As jy jou ore sluit vir die hulpgeroep van 'n arm mens, sal jy ook nié antwoord kry as jy roep nie" **(Spr.21:13)**.
"Geldgierigheid is die wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal" **(1 Tim.6:10).**

4. Ongeloof en twyfel
"Die wêreld is skuldig aan sonde, want die wêreld glo nie in My nie " **(Joh.16:9)**.
"Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie" **(Jak.1:6-8)**.

5. Onvergewensgesindheid en bitterheid (verhoudings)
"As julle ander mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredinge vergewe nie " **(Matt.6:14-15)**.

6. Verkeerde optrede teenoor jou huweliksmaat
"Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder" **(1 Pet.3:7)**.

7. Hoogmoed
"*God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade"* **(Jak.4:6)**.

8. Selfsugtige motiewe in gebed
"*As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig "* **(Jak.4:3)**.

9. 'n Kritiese gees
"Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie" **(Matt.7:1)**
"Jy, waarom veroordeel jy dan jou broer? En jy, waarom verag jy jou broer? Ons sal tog almal voor die regterstoel van God moet verskyn " **(Rom.14:10)**.

10. Ondankbaarheid
"Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag " **(1 Tess.5:18)**.

11. Wanneer jy nalaat om restitusie te doen

"*As hy so sondig en hom skuldig gemaak het, moet hy teruggee wat hy geroof het of waarmee hy iemand te kort gedoen het of wat in sy bewaring gegee was of wat weggeraak het en deur hom gevind is of wat ook al waaroor hy 'n vals eed afgelê het. Op die dag dat sy skuld bekend word, moet hy alles terugbetaal aan die persoon aan wie dit toekom en hy moet nog 'n vyfde bysit"* **(Lev.6:4-5)**.

12. Liefde vir die wêreld en wêreldsgesindheid

"Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie" **(1 Joh.2:15)**.

13. Wanneer jy nie in die Naam van Jesus bid nie

"As julle My iets in my Naam vra, sal ek dit doen" **(Joh.14:14).**

14. Wanneer jy nie volgens die wil van God bid nie

"Nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra **(1 Joh.5:14).**